:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

DEEL XX. DESEMBER, 1952. No. 3.

# UITWERKING VAN ONS NYWERHEIDSONTWIKKELING OP ONS VOLKSWESE.

Die hooffeite van ons land se nywerheidsontwikkeling is bekend genoeg, nl. hoedat sedert ongeveer 1870 en 1886 met die opening van belangrike myne en dan weer as gevolg van die tweede Vryheidsoorlog, Unifikasie en die optrede van Nasionale regeringe ons bevolking as geheel vinnig verstedelik het vanweë industrialisasie en kommersialisasie.

Die jongste syfers hieromtrent is die volgende, in afgeronde vorm, waarby die term „stedelik" alle stede en dorpe insluit:

Blank—stedelik 2 miljoen, landelik halfmiljoen.
Gekleurd—stedelik 1 miljoen, landelik halfmiljoen.
Naturel—stedelik 3½ miljoen, landelik 5 miljoen.
Alle rasse—stedelik 6½ miljoen, landelik 6 miljoen.

Hieruit blyk dat die ganse bevolking en meer bepaald die blanke deel, en onder laasgenoemde oorwegend die Afrikanerdom, reeds omgeskep is van 'n boerebevolking tot 'n stadsbevolking, hoofsaaklik werksaam in myne, fabrieke, kantore, winkels en vervoerdienste.

Die eerste opmerklike gevolg hiervan was die ontstaan van die stedelike armblankedom vanweë die wanaanpassing van die verstede-

likte Afrikanerdom aan die vereistes van die stededlike lewe. Hierdie aanpassing het egter intussen grotendeels plaasgevind en met die verdere groei van industrialisasie in en na die jongste wêreldoorlog het die armblankedom as 'n probleem feitlik verdwyn.

Die tweede gevolg was bogenoemde aanpassingsproses self, waardeur die Afrikanerdom grotendeels van boertipe verander het tot moderne stadsmens. Hieroor sal dit nodig wees om breedvoeriger uit te wei.

Die derde gevolg van bogenoemde ontwikkeling was die skepping van 'n intieme saamlewing tussen die blanke stedelike gemeenskap en 'n steeds aangroeiende naturelleproletariaat, die sogenaamde integrasieprobleem, wat algaande meer benouend op die voorgrond tree.

Die tweede bogenoemde ontwikkeling het weliswaar minder onrus verwek as eersgenoemde maar is daarom nie minder ingrypend van karakter nie, veral omdat dit nie alleen die algemene sosiologiese verskynsels van verstedeliking en industrialisasie insluit nie maar aan hierdie verskynsels 'n besonder akute vorm verleen omdat die verstedelikte Afrikanerdom hom nie alleen aan 'n stadslewe moes aanpas nie maar aan 'n wesensvreemde uitlander-stadslewe, en meer nog omdat hy terwille van nasionale selfbehoud ook omgekeerd die wesensvreemde stadslewe aan sy eie nasionale lewensstyl moes probeer aanpas.

Trouens, die eerste soort aanpassing moes gepaard gaan met die tweede en feitlik tegelykertyd en pari passu plaasvind, terwille van nasionale selfbehoud. Inderdaad egter het die tweede heelwat agtergebly in die proses van ontwikkeling en in soverre het ons volkslewe hierdeur 'n gevoelige knak ontvang, wat ons egter nou geleidelik begin oorlewe.

Die hoofmomente in bovermelde tweesydige aanpassingsproses is bekend genoeg. Ons noem byvoorbeeld in die eerste plek die geleidelike oorgang van die armblanke-toestand tot dié van 'n verhoogde lewenstandaard, wat trapsgewys afsprei van die professionele stand na dié van ongeskoolde, geskoolde en tegniese arbeid.

Daarmee het natuurlik in die eerste instansie gepaard gegaan die proses van „ontboersing" en selfs denasionalisasie, in die rigting van ontwrigting van die gemeenskaps-, die huislike en die persoonlike ethos van die betrokke Afrikanerdom.

Die verband van die Afrikaanse lewenstyl is versteur, die tempo versnel en die moraal vermaterialiseer. Hieroor hoef nie uitgewei te word nie.

Behalwe dat weer beklemtoon moet word dat in die proses veel goeds verlore gegaan het, veral so lank ons noodgedwonge aanpassing

moes soek by die uitlanderisme in wonings-inrigting, werks- en vaksreëlinge, vermaaklikheid en ontspanning ens.

Die skoolgeld was noodwendig duur maar die leerproses was onvermydelik, en in, deur en ná die leerproses het ons reeds begin om die bordjies te verhang, nl. om op ons beurt as leermeesters op te tree en die vreemde stadsatmosfeer geleidelik te verafrikaans, indien nie te verboers nie.

Hiervan was van belang die organisatoriese leiding van die kerke, kultuurverenigings, beroepsorganisasies ens. maar ook van politieke organisasies en blote ontspanningsondernemings, selfs sulke dinge soos braaivleisfunksies, volkspele en—as ek dit hier mag sê—boeredanse.

In elk geval hoef ons ook hierdie fase nie te tragies op te vat nie, hoewel daar slagoffeffrs was, vir wie die verleiding te sterk of die angs te oorweldigend was.

Net soos die armblankedom oorwin is, is ook die aanpassing in beginsel reeds omgewend van 'n aanpassing aan die stadslewe tot 'n aanpassing van die stadslewe aan die Afrikaanse lewenstyl, of m.a.w. nasionalisering van die verstedelikingsproses.

Veel dreigender is die derde fase, n.l dié van die integrasieproses waardeur die stadslewe gestel is op die fondament van 'n naturelleproletariaat.

Want hierdeur word die integriteit van ons volkslewe bedreig deur 'n skynbaar onafwendbare uitkalwing van onder af deur die opstygende naturellevloed.

Ja, hierdeur word ons volkswese self direk gefundeer op 'n naturellefondament, wat nie staties is nie maar aanhoudend uitdy en inpers in die weefsels van ons volkswese deur beïnvloeding, verdringing en angsneurotisering.

Dit is 'n heel ander toestand as wat vroeër op ons plase geheers het, waar die naturel se eie lewe afsonderlik was en sy opstyging tot eie sfeer beperk was.

Hier in die stad, daarenteen, is daar inderdaad integrasie, geheelmaking, met die naturellediensbodes feitlik in ons huise en woonstelle ingeburger, in ons myne en, meer nog, in ons fabrieke, kantore en winkels ingeskakel, in ons beroepsorganisasies ingelyf of ingelyf te word, om ons stede heengelaer in lokasies en plakkerskampe.

Hier leef ons in 'n naturelledampkring wat onkeerbaar ons lewe deurwasem en vernaturelliseer.

Deur beïnvloeding, want die samelewingskontak is so nou dat ons daar nie weg van kan kom nie; deur verdringing namate die naturelle algaande meer die trap van skoling en selfbepaling bestyg waarop ons hom voorafgegaan het en met moeite probeer voorbly; deur angsneurotisering insoverre die angs vir algehele verdringing ons al meer beklem en ons self- en Godsvertroue ons dreig te begeef—ons leef met rewolwers in ons sakke, in ons hangkaste, in ons harte.

Vir hierdie probleem is daar nog geen oplossing sigbaar nie, en verbitterd beveg ons mekaar om 'n sondebok te vind vir die ongeneeslike kwaal.

Hoe sal ons ons stedelike volkswese afskuif van sy naturellefondament tot eie bodemvastheid, in stryd met alle wetmatighede van ons nywerheidsontwikkeling, wat algaande meer naturelle-arbeid in ons stedelike gebiede vereis?

Ook hier weer 'n paar syfers om duidelik te stel in watter rigting die ontwikkeling op hierdie gebied op die oomblik nog loop. Vir Suid-Transvaal se stedelike gebied het die persentasie blankes van 1921 tot 1946 gedaal van 45.5 tot 40.1 en dié van naturelle gestyg van 49.8 tot 55.8, maar wat fabriekswerkers betref het die persentasie blankes van 1933 tot 1948 gedaal van 46.3 tot 36.4 en van naturelle gestyg van 51.7 tot 60.4.

En moet nou nie dink dat die posisie verbeter het sedert ná die oorlog en die regeringswisseling nie: die teendeel is waar. En ook hierdie regering beoog selfs nie om die naturelle uit te skei uit ons stedelike samelewing nie maar slegs om hule te kontroleer en te beperk en indien moontlik te stabiliseer.

Hier is dus die tot nog toe onopgeloste probleem in die uitwerking van ons nywerheidsontwikkeling op ons volkswese; en nog regering nog opposisie het tot op hede 'n oplossing vir die vraagstuk, terwyl die partye dit vir mekaar onmoontlik probeer maak om 'n oplossing te vind.

Huidige ontwikkeling in die rasseverhoudinge in Suidelike Afrika en in die wêreldmening ten opsigte daarvan beklemtoon die dringende erns van die probleem, en 'n blik in die toekoms open 'n waarlik beangstigende verskiet, wat soos volg gestel is in 'n onlangse publikasie van Sabra: **Integration or Separate Development?** (p.7):

„It can thus safely be assumed that, unless a policy of separate development is followed, approximately 12,000,000 Bantu, i.e. twice the

total European population, will be permanent residents of the European areas in 50 years' time. It is also probable that the major portion of this number will live in and around the urban areas, and that there will not be a single large town or city in the Union where the Bantu population is not considerably bigger than that of the Europeans.

It is incomprehensible how people could simply submit to such an eventuality, with all its likely consequences, and how plans could even be made to bring it about. If various factors be taken into consideration, such as the present urban Native problems, the tremendous backlog in housing, and the feeling of insecurity and fear that even now dominates many European urban dwellers, it is to be wondered at how anyone could view as practical and desirable a policy which would perpetuate and worsen these conditions.

In the light of these facts it is evident that Native pressure for fairer treatment than they are receiving at present will not only increase greatly, but may ultimately become irresistible—particualrly if it is considered that they will then be in a position to enforce their demands, since they will possess the necessary means of compulsion, in particular in the economic sphere. Indeed, it is vertain that the Bantu population will not be satisfied then with the limited political rights which they now possess; it would, moreover, be immoral to accept the Bantu as permanent resident of the country but to refuse them political and other rights. It is precisely here that the exponents of integration face an impossible dilemma".

Die probleem is dat ook die eksponente van die skeiding van die rasse voor 'n onoplosbare dilemma staan, nl. dat hulle oplossing deur die blanke bevolking met die mond gehuldig word maar in die hart verwerp word.

Dit is waarlik hoog tyd dat die voostanders van die behoud van die blanke beskawing in Suidelike Afrika bymekaar kom om 'n aanneemlike en uitvoerbare beleid as oplossing vir hierdie probleem te ontwerp en te aanvaar, nie net met die lippe nie maar ook in hulle hart en metterdaad.

Die uitwerking van die huidige tydelike versetsbeweging, van die volgende verkiesing en van die druk van die wêreldmening en veral die noodwendighede van die volgende wêreldoorlog sal hopelik vroeër of later tot hierdie resultaat voer.

Indien nie sal ons moontlik, menslikerwys gespreek, moet saamstem met adv. O. Pirow se konklusie onlangs in 'n artikelreeks in die Johannesburgse Star (22 Okt. 1952):

„I reply now to the question which heads these articles: „Can the White man in Africa survive?" The answer is: Yes, he can survive, provided he is prepared to give the Black man his share of the African Continent. Give the Bantu a homeland, help him develop it and you will have a valuable ally against trouble from within and attack from overseas.

Suppress him or allow thing to develop by „laissez faire"—and your years on this Continent are numbered".

Onbedoeld ter onderstreping van hierdie konklusie het dr. Ray Philips, bekende maatskaplike werker aan die Rand, in die **Daily Mail** teen die einde van Oktober 1952 verklaar dat hy oorsee gaan vertel hoe die huidige amptelike beleid in Suid-Afrika tot gevolg moet hê dat die uitdaagveldtog na die nywerhede gaan versprei; dat ekstrmiste die beheer sal oorneem; dat geweld tot geweld gaan lei en dat die ligte oor die hele Suid-Afrika uitgedoof gaan word" **(Die Vaderland,** 23 Okt., bl. 7).

En volgens **The Star** van 24 Oktober, bl. 9, het 'n Anglikaanse biskop in Natal as oplossing van die vraagstuk 'n sewepuntige positiewe program aan die hand gedoen.

Hy het naamlik die volgende sewe punte van beleid ter oorweging voorgehou (verkort en vertaald weergegee):

„1. Die Bantoe moet ontwikkel word as 'n gelyke vennoot van die blanke.

2. Die sleutel tot die vraagstuk lê veral in die toekoms van die verstedelikte naturel.

3. Geen politieke partybeleid beloof 'n werklike oplossing nie.

4. Beskaafde regte vir beskaafde mense is die enigs aanvaarbare beleid.

5. Die noodsaaklike eerste stap hiertoe is stemreg aan opgevoede nie-blankes op 'n gesamentlike kieserslys.

6. Suid-Afrika moet vooruitsien na 'n tyd wanneer kleur nie meer 'n skeidslyn sal daarstel tussen Suid-Afrikaners nie.

7. Suid-Afrika moet sy blanke beskawing versterk deur dit te deel met die ander rasse".

So het 'n Suid-Afrikaanse skrywer ook in die tydskrif **International Affairs** van Oktober 1952, bl. 444, gesê:

„Even if the present Government is soon removed from office, a lifetime of hard work will still face those who are convinced, like the late Sir James Rose Innes, that only a non-racial democracy is desirable or workable".

Dis duidelik dat al die aangehaalde uitsprake uit so sterk verskillende rigtinge daarheen wys dat die huidige ontwikkeling moet uitloop op integrasie en gelykstelling uitgaande van die stedelike industrie na die politieke gebied en verder.

Volgens ons oortuiging kan dit alleen voer tot 'n vernaturellisering van ons samelewing en mettertyd ook van ons eie volkswese, as dit laasgenoemde nie voor dié tyd heeltemal sal uitroei nie.

Hierbo het ons hierdie probleem onopgelos en selfs in huidige omstandighede onoplosbaar genoem. Waarmee ons nie wil sê dat Sabra se idee van algehele rasseskeiding of mnr. Pirow se idee van die skepping van naturelle-tuistelande geen oplossing mag lewer nie.

Maar as daarin 'n oplossing geleë is, is ons huidige politiek in elk geval nog nie bereid om dit ten volle te aanvaar nie. Selfs die partypolitieke apartheidsbeleid kom nog nie naby 'n aanvaarding van sulke drastiese oplossinge nie.

Wat betref die drie groot uitwerkinge van ons nywerheidsontwikkeling op ons volkswese, is dus die eerste, waarvan ons voor die oorlog baie gepraat het, nl. die skepping van 'n armeblankedom, reeds uit die weg geruim; die tweede, waaroor nou nog heelwat gespreek word, in beginsel reeds afgehandel, nl. die nasionalisering van die verstedelikingsproses; maar die derde, wat nou al meer die aandag begin ontvang, nog nouliks deurdink, nl. die gevaar van uitwissing van Afrikanerdom sowel as blankedom deur industriële integrasie.

Moontlik sal ons hierop moet wag tot die volgende wêreldoorlog, wat heelwaarskynlik blank en gekleurd teen mekaar in slagorde sal stel en gevolglik die blankedom mag dwing tot konsolidasie terwille van selfbehoud in Suidelike Afrika en daarbuite.

L. J. DU PLESSIS.